

19 | MALEISIË Hou asseblief aan om te bid dat die Here die familie van vermiste pastoor Raymond Koh sal versterk. Bid ook asseblief vir ons voorspraakspan, wat onvermoeid aan hierdie saak werk, om gevul te word met wysheid en vir beskerming.



20 | SAOEDI-ARABIË Selah (55) is getroud en h pa van drie kinders. Tog voel hy geïsoleerd omdat hy sy Christelik geloof h geheim moet hou. Hy sukkel. Bid vir hom om te volhard en moedig te wees in sy geloof. Bid vir ander Christene om sy pad te kruis wat direk aan hom kan getuig, asook aan sy vrou en kinders.

21 | INDONESIAË Bid vir h groter impak onder ons begunstigdes hierdie jaar, alles tot eer van God! Bid ook dat meer kerke in Indonesië bewus sal word van vervolging en behoorlik toegerus sal word om dit te weerstaan.

22 | MALEDIVE Verskeie sosiale kwessies in Maledive, soos die stygende misdaadsyfer en bende-aktiwiteite, is h voortdurende realiteit. Bid vir God se beskerming om oor Christene te wees en vir hulle om Christus se getuïenis in die samelewing te wees, selfs onder die bendes.

23 | MIDDE-OOSTE God is aan die werk deur drome en verskeie tipes media in die Midde-Ooste. Hy raak die harte aan van mense wat Hom nog nie ken nie. Bid dat baie die waarheid sal ontdek en Christus met dapperheid sal volg.

24 | SIRIË Noha, h voormalige kok, ly aan sistiese fibrose en oorleef op h konstante suurstof-toevoer, self terwyl sy stort. Mediese hulp in Sirië is nie voldoende nie en om te reis is moeilik vir haar. Sy kort baie gebede. Bid asseblief vir haar vir volkome genesing.

25 | IRAK Bid vir Christene in die Irakkese hoofstad, Bagdad. Vanweë die gereelde terroristiese aanvalle in en om die stad, loop burgerlikes die daaglikse risiko om beseer of vermoor te word. Bid ook vir die verskillende kerkdenominasies – vir eenheid, wedersydse ondersteuning en aanvaarding.

26 | IRAN Bid vir Christene wat in die gevangenis is in Iran, en vir die wat wag vir die uitslag van hulle appèlle. Bid vir God om aan hulle bonatuurlike volharding en moed te gee terwyl hulle wag en dat, gedurende hierdie tyd, hulle dapper getuies sal wees aan die wagte en ander gevangenes.

27 | COLOMBIË Sendingspaartjie, Omar Prieto* en sy vrou, Cecilia*, het al verskeie doodsdreigemente oor die afgelope tien jaar ontvang. Steeds is hulle vasberade om aan te hou bedien, totdat God vir hulle sê om te stop. Prys God vir hierdie brave paartjie! Bid dat Hy hulle sal beskerm en dat hulle bediening sal groei.



28 | MEXIKO Kriminele groepe eis geld van Christene in ruil vir die reg om in sekere areas te kan bedien. Indien hulle weier, mag hulle of hulle familielede slagoffers van uitbuiting of fisieke geweld word. Bid vir wysheid, leiding en beskerming vir Christene in Mexiko.

*Name verander en verteenwoordigende foto's gebruik vir sekuriteitsredes.



Geopende Deure

Diens aan vervolgte Christene wêreldwyd

GEBEDSKRYGERS FLITS

GEBEDSKALENDER VIR VERVOLGDE CHRISTENE WÊRELDWYD



“Deur die liefde van die HERE het ons nie vergaan nie; daar is geen einde aan sy ontferming nie, dit is elke môre nuut. U trou is groot.” – Klaagliedere 3:22-23 (1983)

Februarie
2019



Geopende Deure

Diens aan vervolgte Christene wêreldwyd



Open Doors South Africa

Posbus 1771, Cresta, 2118

T +27 11 888 9341

E southafrica@od.org

I www.opendoors.org.za

1 | NIGERIË Nigerië se 2019 presidensiële verkiesing vind hierdie maand plaas. Bid dat iemand, na aan God se hart, tot die posisie van president verkies sal word en dat hulle die land met baie wysheid sal regeer.

2 | SENTRAAL-AFRIKAANSE REPUBLIEK Voortdurende rebelse aktiwiteite en struikrowery maak kerkbediening moeilik, en as gevolg daarvan ervaar Christene vreeslike geweld en intimidasie. Bid dat namate Christene God in sulke beproewende omstandighede aanbid, hulle so versigtig soos slange en so opreg soos duiwe sal wees.

3 | ETHIOPIË Verlede jaar het Fatuma, die vrou van h evangelis in Oromia, haar ongebore baba verloor nadat sy erg geslaan is oor haar getuienis as h Christen. Bid vir Fatuma om God se vertroosting te ervaar na die tragiese verlies van haar baba.

4 | GUINEE Anne Marie K. (23) wat groot geword het in h tradisionele godsdiens, maar verlede jaar h Christen geword het, word deur haar familie en gemeenskap vervolgd. Sy word nie net verbaal mishandel nie, maar hulle blameer haar ook vir haar pa se siekte en ontnem haar van haar basiese behoeftes. Bid vir die Here se bemoediging, krag, geloof en voorsiening vir Anne.

5 | IVOORKUS Sedert hy h Christen geword het, het Paul-Moise se Moslemfamilie probeer om hom in h psigiatriese hospitaal te laat opneem, hom geslaan, en hom selfs probeer vergiftig. Oplaas moes hy vlug. Bid vir die Here se beskerming oor hom, want sy familie is steeds op soek na hom.

6 | NIGER Voormalige Moslem, Isaiah Hachimou (20) het voorheen sy Christen-eweknieë vervolgd, maar ervaar nou self vervolging nadat hy h Christen geword het. Isaiah is gewaarsku dat sy broer h mes saam met hom dra om Isaiah dood te maak. Bid vir die Here se beskerming oor Isaiah en dat die Here in al sy behoeftes sal voorsien.

7 h Christenfamilie is verdeeld nadat hul jong dogter, Keisha, bedwelm is, verkrag is en swanger geword het. Haar ma wil hê dat sy die baba aborteer, terwyl haar pa die baba wil hou. Bid vir Keisha om die Here se vertroosting en bemoediging te ervaar en vir genade en wysheid vir haar familie.

8 | EGIPT Verlede Oktober is minstens sewe Christene vermoor nadat Islamitiese terroriste op h buskonvooi begin skiet het. Bid vir vertroosting vir die wat geliefdes verloor het, asook vir beskerming vir die Kerk in Egipte, namate hulle voortdurende

EGIPT vervolgd aanvalle van ekstremistiese groepe ervaar.

9 | SOEDAN In Soedan, wanneer Gelowiges vanuit h Moslemagtergrond ontdek word, word hulle gearresteer, gemartel en vir lang tye in die tronk opgesluit vir geloofsversaking. Bid dat God met die leiers van hierdie land sal praat dat hulle Christene sal toelaat om Jesus vrylik te aanbid sonder nagevolge.

10 | AFRIKA Geopende Deure staan langs die Kerk in Afrika deur verskeie tipes dissipelskap en sosio-ekonomiese opheffing. Bid asseblief vir krag vir al die wat betrokke is in hierdie werk. Dit is nie maklik nie... "Ek wil hê dat Hy my meer moet gebruik, so ek benodig gebed om my te help om areas te bereik wat ek nog nie het nie," het een van ons vennote gesê.



11 | SENTRAAL-ASIË Dank God dat Hy die dikwels vergete, dowe Christengemeenskap gebruik om Sy Koninkryk in Sentraal-Asië te bou en dat Hy die bediening van Geopende Deure uitbrei om hierdie gelowiges te dien. Bid dat deur hul getuienisse baie harte verander sal word.

12 | KAZAKSTAN Omvattende wysigings tot Kazakstan se wetgewing op godsdiens, en ongeveer 10 ander wette, blyk of dit die reeds streng beperkinge op godsdiensvryheid en oortuiging gaan verhoog. Bid vir krag vir die Kerk om sterk te staan te midde van hierdie veranderinge.

13 | KIRGISTAN Verlede Oktober is Eldos Satar Uluu, h jong Gelowige vanuit h Moslemagtergrond, baie erg geslaan deur radikale Moslemmans in h poging om hom te forseer om terug te keer na Islam. Bid dat hy nie aan enige oorblywende beserings sal ly nie, nadat die loesings gelei het tot erge harsingskudding, tande wat uitgeslaan is en h gebreekte kakebeen.

14 | SRI LANKA Verlede jaar is pastoor Ranjit* ontvoer, bedwelm, en erg gemartel deur mense wat wil hê dat hy sy bedieningsaktiwiteite moet staak. Bid asseblief vir God se hand van beskerming oor pastor Ranjit en sy familie, namate hulle voortgaan om die Here in Sri Lanka te dien.

15 | CHINA Verlede jaar was h onstuimige jaar vir die Chinese Kerk, want die regering het sy beheer op alle godsdienstige-aktiwiteite regoor die land opgeskerp. Vra God om Sy seëninge op die Kerk in China uit te stort, sodat hulle ongelooflike groei in 2019 mag ervaar, beide in getalle en geestelik, ten spyte van die toename in teenstand.

16 Net toe h Han Chinese paartjie, Mnr. en Mev. Cheng, begin het om die vrug van hul bedieningswerk onder h toegewyde Boeddhistiese etniese-minderheid te sien, het die plaaslike owerhede hul werk stopgesit. Bid dat in die afwesigheid van hul bediening, die saad wat hulle gesaai het sal groei en volgelinge van Christus kweek.

17 | BANGLADESJ Bid asseblief vir h sterker vennootskap hierdie jaar tussen kerke regoor die land. Veral tussen die wat in vennootskap is met Geopende Deure en vervolgte gelowiges vanuit verskeie kulturele agtegronde dien. Bid ook vir nuwe vennootskappe om te ontwikkel sodat selfs nog meer Bangladesji Christene bygestaan kan word.



18 | BROENEI Bid dat God vir die jeug in Broenei dapperheid sal gee om hul geloof in Christus uit te leef en die druk om tot Islam te bekeer sal oorkom. Bid dat die Heilige Gees vir hulle krag en wysheid sal gee om hierdie druk te hanteer.